# TAFELBERG - DISAS 2022 (Moeilike roete)

| | | | |
|---|---|---|---|
| **ROETE:** | Skeletongorge, Echo Valley, Valley of Isolation, Cecilia Ridge | **DATUM:** | 5 Februarie 2022 |

**KOMMENTAAR**

Ses van ons kom vroeg die oggend by Cecilia Forest se parkeerarea bymekaar. Nadat almal parkering gesoek het en die admin afgehandel is, val ons in die pad. Ons klim rustig tot op die kontoer voordat ons regs draai in die rigting van Skeleton Gorge. Daar aangekom klim ons stadig maar seker op in die kloof tot heel bo waar ons 'n welverdiende breek vat om asem te skep en om 'n ietsie te eet om die energie vlakke te herstel. Hiervandaan stap ons met die Smuts Track tot by Window Gorge waar ons die eerste Disas gewaar en foto's word geneem. Ons stap aan tot by die akwadukt waar ons nog baie Disas gewaar en nog foto's word geneem nadat ons eers bietjie onder die waterval afgekoel het. Ons stap aan tot by die volgende waterval waar daar 'n alternatiewe roete is oor na Echo Valley. Ons neem eers nog foto's by die waterval en hier kom ons ook die "maklike" groep stappers teë. Ons stap aan in die rigting van Echo Valley terwyl ons nog Disas langs die pad gewaar. Ons stap verder via die Valley of Isolation waar ons dan middagete geniet by die rots oorhang wat uitkyk op die damme. Hier kon ons weer die "maklike" groep sien en spioeneer so bietjie op hulle. Ons stap aan ná ete in die rigting van Ash Valley voordat ons uiteindelik by Cecilia Ridge aankom en hierdie baie steil paadjie aanpak na onder. Dit gaan maar stadig en versigtig en jy moet mooi trap. Die hitte begin ook sy tol eis. By die kontoer aangekom rus ons 'n oomblik voordat ons aanstap na Cecilia Waterval. Ons is heeltemal alleen daar en almal maak 'n draai onder die waterval om ordentlik af te koel. Ons stap aan onder die bome tot terug by die motors. 'n Lekker warm uitdagende stap waarvan die afstand en klimhoogte saam boekdele spreek. Klimhoogte: 975m

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Werner Dalziel | 2022014 | R 5 | 15 | |
| Delfie Issel | 2022027 | R 5 | 15 | |
| Estelle Smuts | 2022048 | R 5 | 15 | |
| Rene Hodgson | 2022054 | R 5 | 15 | |
| Brenda Sideratos | 2022041 | R 5 | 15 | |
| Werner Booyens | 2022042 | R 5 | 15 | |
| | | | | |
| | | | | |
| **TOTALE:** | | **R 30** | **90** | |

| | |
|---|---|
| **NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** | Nie geneem |
| **ITEMS GEBRUIK:** | |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| | |
|---|---|
| **VERSLAG DEUR:** | Werner Dalziel |